

Die Here het ons lief

Skriflesing: 2 Tess 2:1-4; 8; 13-17

Die gelowiges in die jong gemeente in Tessalonika beleef onseker tye en omstandighede. Hulle woon in 'n hawestad vol heidene en vyandige Jode. Hulle word vervolgt. Paulus se bediening by hulle is juis kortgeknip, omdat hy moes vlug vir die Jode. By hulle is ook 'n klomp onsekerheid en misverstande oor die wederkoms.

Hierdie laaste saak is juis die rede waarom Paulus die tweede brief aan die gemeente skryf. In 1 Tess het Paulus geskryf dat die wederkoms skielik gaan wees. Nou is hier verwarrende profesieë, misleidende predikers en selfs 'n brief wat valslik beweer word van Paulus af kom wat die idee laat posvat dat die wederkoms baie naby is. Dit het daartoe gelei dat sommige gelowiges ophou werk het omdat hulle verwag het dat Christus enige oomblik sou kom. Ander weer het beweer dat die wederkoms reeds plaasgevind het. Dit het by gelowiges onsteltenis veroorsaak omdat hulle nie deel was daarvan nie.

As gevolg van al hierdie verwarring skryf Paulus om hulle te verseker dat die wederkoms nog nie plaasgevind het nie. En dit sal nie gebeur voordat volgende gebeurtenisse plaasvind nie: Daar sal 'n groter afval van die Christelike geloof wees. Mense sal verlei word. Hulle sal meegesleur word deur dwaalleer wat verkondig word. Hulle sal leuens glo en vir ongeregtheid kies. Daarby sal die wettelose mens, iemand wat God sal haat en Christene sal vervolgt, die antichris self voor die tweede koms van Christus verskyn en baie mislei.

Met ander woorde dit sal met ons as gelowiges slegter gaan voor die wederkoms. Wet en orde sal verval. Goddeloosheid sal hoogty vier. Soveel so dat ons sal wil uitroep: "Bly daar dan nou vir ons niks anders oor as groot chaos en wanhoop nie?" Sal ons kan staande bly? Ja ons sal kan staande bly Sal ons nie ook maar mislei word en saam met die wettelose mense die ewige oordeel en verderf ingaan nie? Nee ons sal nie. Want ons is anders. Ons is God se mense.

Ons gaan nie deur die dwalinge en misleiding meegesleur word soos diegene wat nie regtig deel was van die geloofsgemeenskap van Christus nie.

Hoe kan ek so seker wees?

Hoe is dit moontlik vir my, doodgewone mens, om op te staan en vas te staan?

Hoe weet ek dat ek nie verlei sal word nie? Hoe kan my geloof veilig wees wanneer die antichris kom en soveel mense van die waarheid afvallig maak?

Dit is hier waar Paulus se trooswoord aan die Tessalonissense, ons woord van bemoediging word. Die waarborg dat ons behoue sal bly, lê nie in ons en ons geloofsvolharding nie. Dit lê by God. Ons verlossing, saligheid en volharding kom van God. Hoor hoe bevestig Paulus dit:

Die Here het julle lief. Dit is nie net lippetaal nie. Kyk na alles wat Hy vir julle gedoen het:

1. Hy het ons uitverkies.

Ons almal het al speletjies gespeel waar twee spanne gekies word. Baie van ons het die sleg ervaar van om nie gekies te word tot op die laaste nie.

Dit is nie so by God nie. Maak nie saak wie of wat jy is nie. Hy het ons uitverkies as die eerstes van baie wat gered word. God het ons lankal uitgesoek om in Hom te glo. Ons verlossing hang van Hom af.

2. Hy het ons gered.

Ons word nie gekies en gered omdat ons iets verdien of iets gedoen het nie. As dit van my en jou werke en prestasies afgehang het, sou God ons nooit as sy kinders aanvaar het nie. Daarom sal jy nooit jouself op skouer kan klop vir jou redding nie.

God het besluit het om ons te red. Hy doen dit omdat Hy wil, omdat Hy ons liefhet. God het jou, deur Jesus Christus sy kind gemaak. Deur die Heilige Gees sonder Hy jou vir Hom af.

3. Hy lei en help ons om sy waarheid te glo.

God verander ons. Hy sorg dat ons die goeie nuus oor Jesus Christus glo. Die Heilige Gees heilig ons en sonder ons af om sy waarheid te ken en daaruit te leef.

Natuurlik kan en sal God ons nooit dwing tot geloof nie. Maar in Sy liefde vir ons maak Hy dit vir ons byna onmoontlik om nie te glo nie. Hy is die een wat roep. Hy is die een wat by die deur van ons lewe staan en klop. Hy stuur sy Seun Jesus Christus om ons deur sy kruisdood en opstanding te red. Hy oortuig ons deur sy Heilige Gees.

Hy roep, ons moet egter steeds antwoord.

Hy klop, ons moet egter steeds die deur oopmaak en Hom innooi.

As ons oorgee in geloof, dan verseker Hy ons van 'n volmaakte toekoms wat op ons wag.

4. Die Here verseker ons van 'n volmaakte toekoms wat op ons wag.

Ons Here Jesus Christus en God ons Vader het ons almal baie lief. Hul troos ons met goeie nuus dat ons oppad is na 'n wonderlike toekoms.

Ons toekoms op aarde is baie onseker, maar hierna hou God vir ons plek reg by Christus. Dit is ons blywende troos en goeie hoop – vir 'n Christen lê die beste altyd nog voor.

God het ons so lief, maar ons kan dit nie net weet nie.

Op God se liefde, antwoord ons as gelowiges met ons lewens.

God kies ons, Hy red ons, lei ons om die waarheid te glo en verseker ons van 'n toekoms. Van hier uit word ons opgeroep om sterk te staan.

Paulus skryf: hou vas aan alles wat ek julle geleer het toe ek daar by julle was en aan dit wat ek in my brieue skryf. Moet julle asseblief nie aan enige ander praatjies oor die wederkoms steur nie.

Soos by die Tessalonissense, so is daar vandag nog mense wat allerhande dwaalleer en stories oor die wederkoms versprei. Ons moenie deur menslike leerstellings van stryk gebring word nie.

Bly by waarheid van die Woord. As Jesus in Matt 24:36 sê dat nie Hy of die engele weet wanneer die wederkoms is nie en dat net die Vader weet, dan is dit so. Niemand anders weet nie.

En weet dat Christene gaan swaarkry. Ons gaan gespot, vervolg en doodgemaak word. Moenie dat hierdie goed daartoe lei dat jy jou onttrek uit die bese wêreld nie. Leef in geloofsafhanklikheid van Christus. Hy sal ons bemoedig en versterk sodat ons nie net maar kan vasbyt en kop toetrek en uithou tot die wederkoms nie. Hy help ons dat ons vandag aktiewe getuies in die stukkende wêreld sal wees.

Die Here maak ons sterk. Hy maak elkeen van ons as sy kerk volhardend en getuigend ten spyte van dwaalleer. Hy maak ons werkend ten spyte van die magte van die antichrist wat om ons druis terwyl ons verseker weet: Uiteindelik sal God finaal oorwin. Hy sal sy oordeel voltrek oor die magte van die duisternis. Sy Koninkryk sal in volheid kom.

En ons as sy kinders sal saam met Hom wees

Ek en jy sal deel in sy oorwinning en in sy ewige heerlikheid. Daarvoor sal Hy in liefde sorg!

Amen